# TAALBELEID
# Definisie van onderrigtaal

Die Taalbeleid van Laerskool Bastion is deel van die goedgekeurde Grondwet van Laerskool Bastion se Beheerliggaam en is ook in ooreenstemming met die Suid Afrikaanse Skolewet en spesifiek Artikel 6 en ook ingevolge die Language in Education Policy of 1997.

Bastion is ‘n parallelmedium skool wat onderrig in Afrikaans en Engels as onderrigtaal aanbied. Dié skool is ‘n Afrikaansmedium- sowel as ‘n Engelsmedium skool.

## 1. TAAL/TALE VAN LEER EN ONDERRIG

- Vakke word in die onderrigtaal (Afrikaans en Engels – parallelmedium) aangebied.
- Leerders word in die Grondslagfase (gr R – 3) in hul onderrigtaal onderrig, d.w.s. Engels/Afrikaans.
- Indien ‘n leerder ‘n ander huistaal as Engels of Afrikaans het, moet daar vasgestel word watter onderrigtaal (Eng/Afr) die leerder die beste verstaan en moet deur die skool aanbeveel word in watter taal onderrig moet plaasvind.

## 2. TALE AS VAKKE

Afrikaanse leerders word onderrig in Afrikaans as hul huistaal en Engels as Eerste Addisionele Taal. Engelse leerders daarteenoor word onderrig in Engels as huistaal en Afrikaans as Eerste Addisionele Taal. Al die leerders vanaf Gr 1 word aan Xhosa blootgestel.

**TYDSTOEWYSING VAN ELKE TAAL**

| | GR 1 | GR 2 | GR 3 | GR 4 | GR 5 | GR 6 | GR 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Huistaal: Afr / Eng | 7h00–8h00 | 7h00 – 8h00 | 7h00 – 8h00 | 6h00 | 6h00 | 6h00 | 5h00 |
| Add. Taal: Afr / Eng | 2h30 | 2h45 | 4h00 | 5h00 | 5h00 | 5h00 | 4h00 |
| 2de Add. Taal: Xhosa | 1h00 | 1h00 | 1h00 | 1h00 | 1h00 | 1h00 | 0h30 |

## 3. BESKERMING VAN REGTE VAN AL DIE LEERDERS IN DIE SKOOL

Dit is die skool se beleid om aan elke leerder ongeag ras/nasionaliteit in die skool se onderrigtaal te onderrig. Indien die taalbeleid sou verander, sal die leerders nie daardeur benadeel word nie.

## 4. TALE VAN ASSESSERING

Leerders word in die onderrigtale, Eerste Addisionele Tale en Xhosa (Gr 4-7 formeel, Gr 1-3 informeel) geassesseer. Die onderrigtale asook Eerste Addisionele Tale word geassesseer om vordering na volgende graad te bepaal.

**Deurlopende assessering deur verskeie assesseringstegnieke**

- Gr R – 7 word deurlopend en op verskeie wyses geassesseer ingevolge die Assesseringsbeleid.

**Formele assessering**

- **Graad 1 – 3 skryf Assesseringstake (1 per vak per kwartaal)**
- **Graad 4 - 7**
- Toetse en eksamens is deel van formele assessering.
- Dit word onder streng toesig afgelê.
- Vraestelle word nagesien en gemodereer.

**5. TAAL VAN KOMMUNIKASIE MET OUERGEMEENSKAP**

Kommunikasie geskied d.m.v. Afrikaans en Engels. Die een taal word nie bo die ander gestel nie. Afsonderlike omsendbriewe word in beide Afrikaans en Engels uitgegee. Alle korrespondensie word in die onderrigtaal van die leerder gedoen.

**6. PLANNE OM VEELTALIGHEID TE ONTWIKKEL**

- Al die leerders word aan Afrikaans, Engels en Xhosa (Gr 1 – 7) bekendgestel. Lees en praatvaardighede word ontwikkel. Gr 1-3 woordeskat (SAL).
- Vanweë die bevolkingsamestelling sal daar nie op hierdie stadium gepoog word om meer as een inheemse taal (Xhosa) te Laerskool Bastion as tweede addisionele taal te bevorder nie

**7. TAALAANLEERBEHOEFTES VAN MINDERHEIDSGROEPE IN DIE SKOOL**

Daar is 'n geringe aantal leerders van minderheidsgroepe in die skool wat nie in hul huistaal onderrig kan word nie. Die leerders van dié groep wat sukkel met Afrikaans en Engels ontvang ondersteuning.

**8. IMPLEMENTERINGSDATUM**

Gemelde beleid is reeds geimplementeer en vervat in die skoolprospektus.

______________________________
VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM

______________________________
SKOOLHOOF / ADJUNKHOOF

______________________________
DATUM

Nagesien deur: Gary Oosthuizen
Datum gewysig: 18 Februarie 2023